HOËRSKOOL NORMAN HENSHILWOOD
EKSAMEN

DATUM	23 MEI 2011
GRAAD	**10**
AFRIKAANS EAT	VRAESTEL 3
TYD	1½ UUR
PUNTE	70
EKSAMINATOR	J. CUPIDO
MODERATOR	A. ADAMS

J. Cupido
Checked 19.5.2011

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Opstel **[50]**
   AFDELING C: Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste **[20]**

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op `n nuwe bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.Gebruik byvoorbeeld `n kopkaart of `n vloeidiagram of sleutelwoorde,ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek `n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN vraag en skryf 150-200 woorde oor die onderwerp.

1.1 Nooit luister ek weer na my maats nie.

Jou maats het jou iets laat doen wat jy nie wou doen nie. Jy weet nie waarom jy na hulle geluister het nie, want nou is jy baie jammer daaroor. Skryf en vertel:

- Wat was dit wat jy moes doen?
- Wat het daarna gebeur?
- Watter les(se) het jy uit die gebeurtenis geleer? [50]

1.2 My gelukkigste oomblik!

Minstens een maal in elke mens se lewe, beleef hy/sy `n oomblik waarin hy/sy baie gelukkig is. Jy het so `n oomblik beleef en jy wil dit graag volledig beskryf. As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Beskryf die oomblik wat jou gelukkig gemaak het.
- Beskryf hoe jy gevoel het, wat jy gesien het en wat jy ervaar het.
- Beskryf wat daarna gebeur het. [50]

1.3 Ouers en kinders

Jy wonder dikwels oor ouers en kinders en wonder waarom daar goeie

en slegte ouers is; waarom party mense nie kinders wil hê nie en dan juis kinders kry; waarom ander wat so graag kinders wil hê, nie kinders het nie.Jy dink terug aan jou kinderjare en jou ouers en jy wonder watter soort ouer jy sal wees. Skryf jou gedagtes oor ouers en kinders neer. Hou die volgende in gedagte:

- Waarom is party ouers so goed vir hulle kinders en behandel ander ouers hulle kinders so sleg?
- Waarom dink jy wil party ouers nie kinders hê nie?
- Hoe dink jy voel party mense wat nie kinders het nie?
- Watter rol speel ouers in die lewe van hulle kinders?
- Wil jy kinders hê?
- Wil jy soos jou ma/of pa wees?

1.4 Almal moet Afrikaans as vak op skool neem.

Gee jou mening oor hierdie stelling.As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Hoekom moet Afrikaans `n verpligte (compulsory) vak wees/nie wees nie?
- Watter voordele hou Afrikaans as vak vir leerders in/nie in nie?
- Watter nadele hou Afrikaans as vak vir leerders in/nie in nie?
- Wat is jou finale gevolgtrekking (mening)? [50]

1.5 `n Rekenaar is `n wonderlike uitvinding!

Julle het aan die begin van die jaar in die rekenaarklas oor die tegnologiese wonder, naamlik die rekenaar, gepraat.Skryf nou `n opstel waarin jy jou mede graad 10 – leerders oortuig om rekenaargeletterd te word. As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:

- Waarom hou jy baie van rekenaars?
- Wat vertel die nuutste navorsing oor rekenaars?
- Wat is die voordele om die internet te gebruik?
- Waarvoor gebruik jy e-pos [50]

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf enige opstel daaroor. Gee jou skryfstuk `n titel.

1.6.1

1.6.3



1.6.2

1.6.4

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 2

Kies EEN vraag en skryf 80-100 woorde oor die onderwerp.

2.1 DAGBOEKINSKRYWING

Ma, Juffrou pik op my!

Jy kom in trane by die huis aan.Jou onderwyser het jou vanoggend skoolhoof toe gestuur omdat jy stout was in die klas.Jy het detensie gekry en dink dit was onregverdig, want die kinders het almal saam gesels en gelag.Jou ouers wil nie jou probleem verstaan nie. Jou dagboek is jou beste vriend en by hom kan jy jou lot bekla.Doen nou jou DAGBOEKINSKRYWING. [20]

2.2 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jy het nuwe bure en wil hulle graag vir ete nooi. Stel die uitnodigingskaartjie op wat jy aan hulle gaan stuur.

LET WEL: Jy kry punte vir die INHOUD en NIE vir die versiering nie.

Dink aan:

- Wie word uitgenooi?
- Waneer moet hulle kom?
- Hoe laat moet hulle kom?
- Waarheen moet hulle kom?
- Wanneer moet hulle op die uitnodiging reageer?
- Van watter geregte hou hulle? [20]

2.3 **VRAELYS**

Elke leerder moet die volgende vorm vir Lewensoriëntering voltooi.Die vorm sal gebruik word om jou te help met `n beroepskeuse wanneer jou onderwyser jou vir `n onderhoud neem. Voltooi die vorm op die volgende bladsy.

NAAM: _____

GRAAD: _____

1. **SKOOLVAKKE:**

1.1 Van watter vakke hou jy die meeste? _____

1.2 Gee 'n rede/redes waarom jy van hierdie vak/vakke hou.

_____

_____

2. **BELANGSTELLINGS:**

2.1 Spesifieke stokperdjie(s): _____

Watter waarde het hierdie stokperdjie(s) vir jou?

_____

_____

2.2 Sport/Ontspanning: _____

Hoe het hierdie sport/ontspanning jou as mens ontwikkel?

_____

_____

2.3 Sosiale belangstelling(s): _____

Wat het jy uit jou kontak met ander mense geleer?

_____

_____

3. **PERSOONLIKHEID:**

3.1 Jou positiewe eienskappe: _____

3.2 Jou negatiewe eienskappe: _____

3.3 Hoe sien jou vriende/vriendinne jou? _____

(20)

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL:70